REDAKSIONEEL

# KORT VERSLAG GTV-JAARVERGADERING

Die GTV-Jaarvergadering is vanjaar op 12 Junie gehou. Gereformeerde Kerk Vereeniging was 'n vriendelik en bekwame gasheer. Net meer as honderd predikante en teologiese studente het die vergadering bygewoon.

Die vorige Hoofbestuur het dit goedgedink om vanjaar die huweliksproblematiek aan te pak. Twee voordragte is gehou. Dr. A. G. S. Gous het gepraat oor *„Moderne denkpatrone oor die seksualiteit en die gevolge vir die huwelik"*. Mede omdat dr. Gous vroeg moes vertrek het die diskussie oor hierdie voordrag nie op dreef gekom nie.

*„Pastorale hantering van die hedendaagse huweliksproblematiek"* van ds. A. P. C. Duvenage het die tonge goed los laat kom. Gevolglik het dit in die doel geslaag.

Intekengelde op „In die Skriflig" bly R4.00 per jaar. Daarvan word R1,00 oorbetaal in die rekening van die GTV-Hoofbestuur.

Mev. ds. H. A. Louw behartig steeds met groot opoffering die administrasie van „In die Skriflig". Sy ontvang 'n honorarium van R100 as blyk van waardering.

Besondere dank moet ook betuig word teenoor die redaksie van „In die Skriflig". Dat die blad gereeld verskyn en baie predikante tot diens is, is te danke aan die opoffering en ywer van verskeie broeders. Die eindredakteur, prof. B. Spoelstra, verrig werk van groot waarde, asook die redaksie-sekretaris, ds. H. A. Louw. Hartlike dank aan mev. J. Boot vir die oudit van die rekenings van „In die Skriflig" en die Hoofbestuur.

Na aanleiding van 'n brief van die Teologiese Skool te Potchefstroom oor die probleem van twee groot byeenkomste elke jaar, t.w. die GTV-Jaarvergadering en die Aktualiteitskursus van die TSP, het die vergadering gevoel dat daar nie reg kan geskied aan albei vergaderings elke jaar nie. Hoë reiskoste en verblyfprobleme is veral genoem. Aan die nuwe bestuur is opgedra om die saak verder met die Senaat van die TSP te bespreek. Die vergaderings kan òf alternatief gehou word òf elke jaar gesamentlik.

Dr. C. J. Malan en ds. J. J. de Jager wat onderskeidelik as Voorsitter en Sekretaris-penningmeester gedien het, het hulle nie weer vir die Hoofbestuur verkiesbaar gestel nie. Beide het voortreflike dienste gelewer. Die Hoofbestuur is soos volg saamgestel: Prof. L. Floor (Voorsitter), dr. M. Venter (Onder-voorsitter), drr. A. N. Helberg en J. M. Vorster as addisionele lede, ds. A. J. du Plessis (Sekretaris-penningmeester).

## INKOMSTESTAAT „IN DIE SKRIFLIG” VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MEI 1979

INKOMSTE

| | | |
|---|---|---|
| Intekengeld | R1 458,06 | |
| Donasies | 194,00 | |
| | | R1 652,06 |
| Tekort | | 1 980,26 |
| | | 3 632,32 |

UITGAWES

| | |
|---|---|
| Drukkoste (4 uitgawes) | 3 136,33 |
| Administrasiekoste | 80,69 |
| Staalkas | 25,30 |
| Terugkoop van ou nommers | 15,00 |
| Oorbetaling aan hoofbestuur | 375,00 |
| | 3 632,32 |

## BALANSSTAAT SOOS OP 31 MEI 1979

| | | |
|---|---|---|
| Opgehoopte fondse | | |
| Saldo op 1.6.1978 | R5 709,17 | |
| *Plus* rente op spaarrekening | 390,02 | |
| | | R6 099,19 |
| *Min* tekort vir die jaar | | 1 980,26 |
| | | 4 118,93 |
| Verteenwoordig deur | | |
| Kontant in spaarrekening | | 3 903,46 |
| Kontant in bankrekening | | 215,47 |
| | | R4 118,93 |

A. J. DU PLESSIS.